## ***ELJADA HUIS MSW***

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

27 Februarie 2014

Dagsê Almal

***Spreuke 14:26 sê "Wie die Here dien, het daarin 'n veilige toevlug, en ook sy kinders vind daar skuiling."***

Ons week het met 'n bekommerde hart begin toe Petro – my regterhand – kom sê dat haar mamma regtig baie siek is en dat sy oor die naweek van die dokter moes verneem dat mamma deurtrek is van kanker. Haar lyding was erg en die Here het dit goedgedink om haar Dinsdagmiddag daarvan te verlos. Ons is saam met Petro baie hartseer dat sy weggeneem is maar ook tog dankbaar dat sy verlos is uit haar lyding. Petro, as enigste kind, se gemis is sigbaar diep want sy was die grootste deel van haar lewe elke dag op bystand vir hierdie moedertjie van haar. Sy was in 'n rystoel en nie heeltemal in staat om alles vir haarself te doen nie en Petro was maar net altyd daar om haar roepstem te beantwoord. Skielik is die roepstem weg en die leemte wat dit in haar laat maak seer maar as diep gelowige weet en vertrou ek dat tyd dit ook beter sal maak. Dink asseblief aan haar in hierdie moeilike tyd.

Ons is druk besig met die gebedskussings wat Faith hierdie naweek benodig vir 'n geleentheid by die Moreletapark kerk waar 4000 vroue teenwoordig gaan wees. Ons vertrou dat ons ook na die geleentheid sommer heelwat bestellings gaan ontvang. Die huis is behoorlik omgedop en elke gaatjie het 'n kussing of sloop of hartjie en die gare lê oral onder ons voete. Ansie wat ons uithelp met die borduurwerk sê die naalde sing terwyl die Efesiërs vers geborduur word en sy is baie dankbaar vir die ekstra inkomste. Ons elkeen wat betrokke is en deel het aan hierdie projek se dankbaarheid is baie groot want dit is 'n geldjie wat vir noodsaaklikhede gebruik word.

Dankie aan elkeen wat reeds so 'n kussing gekoop het en ek nooi diegene wat nog nie een het nie om spoedig een te bekom. Die trane loop dikwels wanneer ons net oor hierdie projek gesels want dit is 'n hartsaak en nie 'n geldmaak ding nie. Soms kom haal mense sommer kussings hier by die huis en sonder uitsondering word die betekenis daarvan blootgelê. Die kinderkussinkies word spesiaal met 'n hartjie (met 'n 'n gaatjie) gemaak sodat 'n klein gebedjie daarin versteek kan word. Die reaksie van die kindertjies wat dit in ontvangs neem is kosbaar. Ek wil ook beklemtoon dat elke sent gebruik word vir die kussing se vervaardiging en dat geen wins daaruit gemaak word nie. Kyk gerus na Faith se webblad by http://faithduriekussings.co.za waar sy meer vertel oor die projek. 'n Aanlyn bestelvorm is ook beskikbaar.

Baie dankie vir elkeen wat gehelp het die afgelope week om die krisis in die koskas te verklein. Opregte dank

Eljada Huis groete

Annatjie

***Bankbesonderhede***
**Eljada Huis,**
**Standard Bank, Montana,**
**Marketlink spaar, 044396058,**
**Bankkode 051001**

***NOODROEP VANUIT DIE KOMBUIS!!!!!***

- **KOS – Blikkies vleis, vis en groente, soja, macaroni, spaghetti, koffie, boksmelk, margarien, konfyt, stroop, grondboontjiebotter, Bovril, kookolie, kitsontbytkos, soppoeier, speserye, eiers, aanmaakkoeldrank.**
- **Toiletware – skeermesse, toiletpapier, badseep, sjampoe, aanrol, spuitgoed, waspoeier en Sunlight seep.**

**Vir die huis:**

Tuinstoele, stoele en tafels vir ons nuwe buite-eetkamer en stoep, waaiers, alle soorte bottels, appelbokse, skoendose, roomys en margarien bakkies, los kaste en tafels, rekenaars, naaimasjiene, kaste en staalrakke vir die nuwe stoorkamer wat byna klaar is, kaste vir die eetkamer.